
# 329 O dink daaraan Maria




O dink daaraan, Maria,
dit het nog nooit gebeur,
dat iemand by u toevlug soek
en u stel hom teleur.

O dink daaraan, Maria,
as u my wil verstoot;
omdat my lewe sondig is,
my swakheid, ag, so groot.

O dink daaraan, Maria,
en weer dan die verderf;
die Woord het uit u vlees geword
en vir my heil gesterf!

O dink daaraan, Maria,
ons roep tot u vandag,
om nou en steeds vir ons te sorg
soos ons van u verwag.

Ja, dink daaraan, Maria,
o Moeder van die Woord,
dat u u kinders ooit versaak,
bly ewig ongehoord.

Onbekend J.G. Nägeli (1768-1836)